| 22 Augustus | NG Gemeente Kogelberg | 2025 |
|---|---|---|

# Eerste Gelui

## NUUS VANUIT DIE GEMEENTE



## SONDAG 24 AUGUSTUS SE EREDIENSTE

| 09:00 | 09:00 | 09:30 |
|---|---|---|
| **Hangklipkerk** | **Kuierkerk** | **Kleinmondkerk** |
| Ds. Heinrich Carstens | Ds. Kirsten Small | Ds. Jannie Hougaard |
| Jes 58:1-14; Luk 13:10-17 | Heb 12:18-29 | Heb 12:18-29 |

LIG | DEERNIS | HOOP

## Kuierkerk




## Hangklipkerk




## Kleinmondkerk



Kleinmondkerk se erediens word op ons YouTube-kanaal uitgesaai. Die skakel na ons YouTube-kanaal is: https://www.youtube.com/@NGKerkKleinmond

SnapScan

**Gebruik gerus die SnapScan-opsie om jou offergawe te gee.**

## DEUROFFERS

Die deuroffers hierdie week is vir die Bybelgenootskap. Op 31 Augustus is dit vir ons **Sinodale Studentebediening.**






# Program vir die week

| | | |
|---|---|---|
| **Maandag 25 Augustus** | ***16:30*** | *GriefShare*-kursus (Kapel) |
| **Dinsdag 26 Augustus** | ***09:00*** | Hangklip Gebedsgroep |
| | ***16:30*** | Kleinmond Gebedsgroep (Kapel) |
| | ***10:00*** | Kerkkantoor in Hangklip |
| **Woensdag 27 Augustus** | ***11:00*** | Hangklip Basaarsameroepers |
| | ***17:00*** | Hangklip Bybelskool |
| | ***18:00*** | Dissipelskap Reisgenote (TYD) |
| **Donderdag 28 Augustus** | ***06:00*** | Hangklip Mannegroep |
| | ***19:00*** | NG/ VG Skakeling |
| **Vrydag 29 Augustus** | ***15:00*** | Hangklip Jeugbyeenkoms |
| | ***16:00*** | Hangklip Hamburgers |




## Lief en leed...

***Ons bid saam vir...***

Cecile Lubbe en Cynthia Groenewald van Gerimed.

# WÊRELDBIDDAG VIR OEKRAÏNE

Die Oekraïense Raad van Kerke en meewerkende organisasies doen 'n beroep op kerke, gemeentes en gelowiges wêreldwyd om eerskomende **Sondag 24 Augustus** saam te bid dat die voortgaande militêre aggressie teen Oekraïne beëindig word.

Miljoene mense ly as gevolg van hierdie oorlog waarin op 'n nuwe manier oorlog gemaak word – hommeltuie met vernietigende krag word in swerms afgevuur en verwoes stede, woonstelgeboue, huise en menseliggame. Foto's vertel die verhaal van toue mense wat wag om kospakkies te ontvang, brandweermanne wat onverpoos werk om die brand in hoë geboue te blus en dokters wat deurnag opereer om lewens te red.







Mense se lyding word sigbaar in foto's van trane wat vloei en die gesig van 'n verwese jongman, saam met sy pa afgeneem, wat met sy terugkeer van die oorlogsveld nie meer dieselfde lyk nie.





Ons word gevra om asb. te bid vir

- 'n einde van die oorlog en lyding
- beskerming van onskuldiges en menselewens
- 'n vredesooreenkoms wat sal bly, en
- die herstel van waarheid, vrede en waardigheid.

Kom ons bid in groot afhanklikheid hiervoor.

# Wat gebeur die week...

## Kom doen jou kerkkantoorsake eerskomende Woensdag sommer by die Hangklipkerk

Joke is vanaf 10:00 tot 11:00 beskikbaar en vergader daarna saam met Hangklip se basaarsameroepers





## Verlof

Ds Heinrich is met verlof weg vanaf 28 - 31 Augustus vir 'n troue in Pretoria

# Belangrike Datums







## Nuwe Intrekkers

# Baie welkom!



*Bewys van lidmaatskap is ontvang van:*

***Mariette van Staden** van*
*Helderberg (BB2)*



*Mag jy geseënd en gelukkig wees in ons gemeente. Mag jy voorwaar 'n geestelike tuiste hier by ons vind.*

## KERKKANTOORURE

**MAANDAG TOT VRYDAG** 10:00 - 13:00

### Kontakbesonderhede


***Bedieningsbestuurder: Joke Venter***

info@ngkogelberg.co.za Whatsapp: 076 134 7157

***Saakgelastigde: Elizna Hogan***

028 271 3470 fin@ngkogelberg.co.za

***Koster: Danie de Vaal***

083 670 4290

# Pastorienuus

Vrydag, 22 Augustus 2025

Beste lidmaat...

Vandag skryf ek hierdie briefie om jou op hoogte te hou van nuwe verwikkelinge in ons gemeente.

Sedert die begin van 2023 het ons die voorreg gehad om in die Hangklipstreek vir ds. Leopold en Riana van Huyssteen te kon verwelkom as deel van ons bedieningspan. Ekself het in April 2023 in die gemeente aangekom en sedert Mei 2024 was ds. Kirsten Small ook deel van ons span (wat ook die herders in die Kleinmondstreek ingesluit het).

Ons het in hierdie tyd baie tyd en energie belê in die opbou van verhoudinge tussen lidmate en veral ook tussen die drie wyksrade van Kleinmondkerk, Hangklipkerk en Kuierkerk. Daar is hard gewerk aan die vestiging van strukture wat ons bediening kan ondersteun en terselfdertyd het ons strategies en visionêr probeer onderskei waarmee die Here in ons gemeente en in die breër gemeenskap besig is.

Ons het besef dat die bedieningstruktuur met die konsultantleraarspos in Hangklip en die deeltydse termynpos by Kuierkerk nie onbepaald kan voortduur nie. Ds. Leopold het intussen aangedui dat hy teen einde Februarie 2026 vir 'n tweede keer wil "aftree". Ons is só dankbaar vir Leopold en Riana se insette en bediening, maar gun hulle ook die rustiger lewe wat wag.

Daarom het die Kerkraad gedurende Mei vanjaar 'n Adhoc Taakgroep (bestaande uit die voorsitters van die drie wykrade en die voorsitters van ons Diensverhoudingekommissie, Finansiële Kommissie en Visiekommissie) aangewys om - in die lig van ons strategiese prosesse en onder leiding van die Heilige Gees - verder te dink oor ons bedieningstruktuur, en veral dan ten opsigte van ons predikantsposte. Die taakgroep het ook ekstra lede (soos di. André Theron, Leopold van Huyssteen, br. Hermie vd Merwe en myself) gekoöpteer wat saam gedink en gebid het.

By die kerkraadsvergadering van 20 Augustus het die Kerkraad besluit om die 2$^{de}$ voltydse predikantspos (wat sedert die vertrek van ds. Steven Sass) nie gevul was nie, weer te aktiveer en die proses te begin om 'n tweede voltydse leraar vir die gemeente te

beroep. Dit beteken dat ons nie die konsultantleraarspos (waar ds. Leopold gedien het) of die deeltydse termynpos (waar ds. Kirsten gedien het) weer gaan vul nie.

Die Kerkraad hoop dat ons teen 1 Maart 2026 die tweede voltydse leraar hier sal kan verwelkom, maar uit die aard van die saak is daar nog 'n hele proses wat gevolg moet word, ook in terme van die bepalinge van die Kerkorde.

Ek is opgewonde oor die manier waarop die Kerkraad dink oor die vul van hierdie pos, asook die ontwikkeling van 'n bedieningspraktyk waarin ekself en die volgende voltydse leraar sal funksioneer. Aangesien dit vir ons belangrik is dat elke lidmaat ingelig sal wees en saam sal bid vir hierdie pad waarop die Here ons begelei, sal die Adhoc Taakgroep julle deurlopend op hoogte hou van die proses.

Ons is inderdaad draers van Sy lig, verskilmakers met deernis en ambassadeurs van hoop. En so glo ons ook dat ons as gemeente ook deur Hom - die Bron van lig en lewe - sal lewe in die toekoms.



Groetnis - ds. Heinrich Carstens
Voorsitter van die Kerkraad

# NGK KOGELBERG

# KERKRAADSVERGADERING

**WOENSDAG 20 AUGUSTUS** Terugvoer

## KK&K VOORSITTER

Dit was die eerste kerkraadsvergadering wat Fanie Krige bywoon nadat hy tot Voorsitter van **Kommissie van Kantoorsake en Kommunikasie** verkies is.

WELKOM

## ADHOC TAAKSPAN

OPDRAG

Die Kerkraad besluit om die **2de voltydse predikantspos** (wat sedert die vertrek van ds. Steven Sass) nie gevul was nie, weer te aktiveer en die proses te begin om 'n tweede voltydse leraar vir die gemeente te beroep. Dit beteken dat ons nie die konsultantleraarspos (waar ds. Leopold gedien het) of die deeltydse termynpos (waar ds. Kirsten gedien het) weer gaan vul nie.

## FINANSIES

Die gemeente se finansies groei, stadig maar in 'n **positiewe rigting**. Dit is grootliks te danke aan streng finansiële dissipline wat deur verskillende kommissies en bedieninge toegepas word. Asook 'n **toename** in lidmate se dankoffers en ondersteuning van die fondsinsamelings. Die gemeente kan in September weer terugvoer vanaf die Finansiële Kommissie te wagte wees.

VERSLAG

## KERKKANTOORURE

BESLUIT

Die Kerkkantoor sal van nou af elke dag van die week oop wees vir lidmate en die publiek. Neem kennis van die tye: **Maandag tot Vrydag van 10:00 tot 13:00.**

## VROUEDIENS

Ons gemeente se Vrouediens is nie 'n aparte kommissie nie maar wel 'n **bedieningsaksie** waarby al die vroue van ons gemeente betrokke is.

BESLUIT

# Caritas KOSINSAMELINGSPROJEK

56kg
SUIKER

TEE
15 pakke van
100 sakkies

48
BLIKKE
KOFFIE

8kg
RYS

39 PAKKE
PASTA

72
liter
MELK

41
PAKKE
WEETBIX

28
liter
OLIE

28 SJAMPOE
21 SEEP
35
HANDEROOM

172
EKSTRA ITEMS

75
BLIKKIES TUNA

# Maak 'n nota...



## Kleingroepe

Seker almal wat al deel van **'n kleingroep** was/ is sal kan getuig van die waarde daarvan. Ons gemeente is geseën met 'n hele aantal Bybelstudie-, sel-, omgee-, vroue- en mannegroepe. Wil jy ook deel word van hierdie seën? WhatsApp dan jou naam aan **Joanne Momsen by 082 797 8622**. Ons gaan probeer om jou by 'n groep in te deel. <u>Groepe wat plek het vir nuwe lede , kan haar ook laat weet.</u>





Eko-bediening
NG + VG Kerk Kleinmond
Skoonmaakdag 1
Kusweg + Kleinmond-hawe
Saterdagoggend 16 Augustus 2025 8h30 - 10h00
Met liefde gemaak deur Joanne





























Eko-bediening
VG Kerk Kleinmond + NG Kerk Kogelberg
Skoonmaakdag
Eko-bediening se skoonmaakspan word
bederf met draairoomyse by Pizza World
Saterdagoggend 16 Augustus 2025 8h30 -10h00
EKO-BEDIENING
Die aarde behoort aan die Here
PIZZA
WORLD
Met liefde gemaak deur Joanne


GELATI
GELATI


GELATI
Eko
Clean Up


PIZZA WORLD






PIZZA WORLD

# Nuwe Intrekkersete
## NG Kerk Kogelberg
### Sondagoggend 17 Augustus 2025 11h30




Met liefde gemaak deur Joanne


























# Nuwe Intrekkersete
## NG Kerk Kogelberg
### Sondagoggend 17 Augustus 2025 11h30




Met liefde gemaak deur Joanne


























Kerkraadsvergadering
NG Kerk Kogelberg
Woensdagoggend 20 Augustus 2025 9h00
Met liefde gemaak deur Joanne








WELKOM
NG
KOGELBERG






TYD











# VAKATURE
# KOSTER VIR DIE HANGKLIP GEMEENTE
# (GELEË TE PILLANSIAWEG, BETTYSBAAI) VAN DIE NGK KOGELBERG

Aansoeke vanaf geskikte kandidate (manlik of vroulik) vir die **pos van koster vir die Hangklipkerk** word tans by die kerkkantoor, Kleinmond ingewag.

Aansoeke moet minstens die volgende dokumentasie insluit:

- Aansoekbrief gerig aan: Die Voorsitter, Kerkraad, NGK Kogelberg, Kleinmond, 7195
- Kort CV van hoogstens 3 bladsye
- Afskrif van ID-dokument

**Sluitingsdatum** vir aansoeke: ***5 September 2025 om 12:00***. Aansoeke kan per hand by die Kerkkantoor van die NGK Kogelberg, 4de Laan 67, Kleinmond ingelewer word of kan per e-pos gestuur word aan info@ngkogelberg.co.za

**Diensvoordele sluit in:**

- 'n Totale Koste vir Indiensnemingpakket (TKVI), bereken volgens die aanbevole sinodale salarisskale. Die salaris verbonde aan die pos sal bepaal word met inagneming van vorige toepaslike evaring van die geskikte kandidaat
- Die TKVI sluit die volgende in: Basiese maandelikse salaris + jaarlikse bonus (13de tjek) + WVF (werkgewersdeel van 1%).
- Verlofvoordele van 21 kalenderdae per jaar.
- Die pligte sal onder andere die volgende insluit:
- Dit sal van die koster verwag word om 9 vasgestelde ure en 7 uur fleksietyd per week (Maandag tot Sondag) diens te lewer en sal ongereelde werksure insluit.
- Die koster sal aan die Eiendomskommissie en die Hangklip Wykskerkraad van die gemeente rapporteer.
- Gereedmaak van die gemeentesentrum vir eredienste.
- Reëlings en ondersteuning ten opsigte van funksies, troues en begrafnisse.
- Verantwoordelik vir die toesig oor skoonmaak en instandhouding van geboue en terrein.
- 'n Volledige pligtestaat is op aanvraag beskikbaar.
- Die ideale kandidaat moet verkieslik oor die volgende bevoegdhede beskik:
- Basiese tegniese vaardighede om klein noodherstelwerke binne sy/haar vermoë self te doen of te laat doen.
- Vermoë om te organiseer.
- Ervaring in toesighouding oor personeel.
- Vermoë om goeie menseverhoudinge te kan handhaaf.
- Vermoë om inisiatief aan die dag te lê.
- Moet oor eie vervoer en minstens 'n kode 10 bestuurderslisensie beskik.

Voorkeur sal aan aansoekers uit die Hangklipstreek gegee word. **Diensaanvaarding: 1 Oktober 2025.**

# VERKOSE OUDERLINGE

Die Kleinmondkerk Wyksraad het tydens die vergadering van 30 Julie 2025 die volgende lidmate amptelik verkies tot wyksouderlinge. Volgens die Reglement van Orde word hierdie lidmate se name dan nou aan die gemeente voorgehou vir approbasie, waarna hulle in hulle amp as wyksouderling bevestig sal word.

1. Beichter Leon Johan – PM5
2. Bezuidenhout Albertus Thomas – PM1
3. De Klerk Johanna Christina Elizabeth – KP2
4. Erasmus Tino Gordon – Sa2
5. Fourie Johan Frederick – Ba1b
6. Groenewald Lucas Martinus – Bb1
7. Human Susan Cathrine – Sb1
8. Kotze Willem Adriaan – Sa4
9. Lamprecht Jacobus Johannes – Ba2
10. Scheepers Maryna – Sb3
11. Viljoen Neil – KB4

**DANKIE VIR JOU DIENSBAARHEID IN GOD SE KONINKRYK HIER IN DIE NG GEMEENTE KOGELBERG**

NG GEMEENTE KOGELBERG

# DIENSWERKERS

Die volgende lidmate sal ook voortaan as dienswerkers in hulle onderskeie wyke behulpsaam wees met die bediening van die gemeente:

1. Amanda Fourie - Ba1b
2. Liana Lamprecht - Ba2
3. Bettie Snyman - KP1
4. Inette Cloete - KP2
5. Brenda Ferreira - KP3
6. Grieta Swart - KP2
7. Sarie Irish - KP2
8. Tilla Mouton - PM1
9. Lida Louw - PM4
10. Kobus Rossouw - Sa1
11. Carlo van Rensburg - Sa2
12. Elizma van Rensburg - Sa2
13. Ferdi Colyn - Sc1
14. Jaco Leuvennink - Sc1
15. Marlé Strauss - PM5
16. Cheryl Beichter - PM5

**DANKIE VIR JOU DIENSBAARHEID IN GOD SE KONINKRYK HIER IN DIE NG GEMEENTE KOGELBERG**

Kleinmond

# Vrouebybelstudie

## Dinsdag 19 Augustus

Bb1-4 - **15:00** - 10de Straat 34 - Bessie vd Walt

## Maandag 25 Augustus

Sc3 - **15:00** - Comine Conradie

## Dinsdag 26 Augustus

Kogelpark - **10:00** - Biblioteeksaal

Sb4 - **10:15** - Kapel - 4de Laan 67

Sa 3 & 4 - **13:00** - 1ste Laan 111 - Joan Marnewick

KB 6 - **15:00** - Fynbospark Kuierkamer

## Woensdag 27 Augustus

HK 1 & 2 - 09:30 - Kapel - 4de Laan 67

Ba 1 tot 3 - **10:00** - 7de Straat 57 - Ita le Roux

HK 3 - **10:00** - Irislaan 3 - Elsabé Smit

Sb 1 tot 3 - **15:00** - 3 de Laan 102 - E Bekker

KB 1 tot 5 - **15:00** - Boekenhoutlaan 44 - Marlene Smit

## Woensdag 11 September

PM 1,2, 4 & 5 - **15:00** - Alheitstraat 33 - Daphné Loots

# Verjaarsdae!

## 24 Augustus

Hugo Alberts (Ba1a)
Thomas Bolton 082 920 8230 (HK3)
Thys Bosman 082 564 7724 (Sc2)
Wilma Emmenis 082 875 5678 (Sb3)
Louis Muller 082 056 4529 (KB5)
Ben Olivier 083 277 3366 (Sa3)
Caroline Zimkendorf 072 168 2498 (Sb2)

## 25 Augustus

Beth de Villiers (Sa4)
Ria Guelpa 073 845 4407 (Ba1a)
Dirk Reitzema 072 216 3926 (BB3)
Erhard van Wyk 082 972 0077 (Bb2)
Gert van Wyk (Bb2)

## 26 Augustus

Ansie Bronkhorst 082 817 2850 (PB3)
Johan Burger 083 443 2898 (BB1a)
Mariaan Coetzee 082 296 6806 (Sa2)
Marianne Gouws 083 556 3817 (BB5)
Magda Loubser 082 890 3238 (Sa4)
Karin Marais 079 694 8658 (Sa4)
Annalise Nieuwoudt 082 898 3078 (PB1)
Gerhard Venter 082 783 3709 (BB6)
Nellis Zaaiman 084 587 4692 (Sb1)

## 27 Augustus

Jeanette Hickley 073 174 0515 (PM2)
Karah Venter (HK3)

## 28 Augustus

Willie Brink 082 955 8634 (Bb4)
Liz Jansen van Rensburg 082 876 3293 (Sb3)
Ans Pieterse 082 825 7442 (KB6)

## 29 Augustus

Hendriëtte Ludick 072 320 5648 (BB6)
Francoise Roos 083 631 1456 (Sb3)
Alta van Wyk 081 271 3230 (KB5)




**GROEPGESPREKKE | 14 - 30 AUGUSTUS 2025**

1. **Gesels bietjie saam...**
    - Ons bly hier in 'n omgewing waar ons elke dag bewus kan wees van die wonderlike natuurskoon, veral in die vorm van die Kogelberg met die unieke fynbos.
    - Gesels met mekaar oor julle ervaring van stap in die berge...
    - In die Keltiese-tradisie word plekke (of situasies) waar mense Godsontmoetings beleef "dun plekke" genoem... plekke waar hemel en aarde as't ware bymekaarkom. Gesels met mekaar oor die "dun plekke" in jou lewe.

2. **Ons storie nou...**
    - Ons het verlede week gepraat oor die "geloofswedloop" en die feit dat ons dikwels in heirdie wedloop ook moeg raak en as't ware moed verloor.
    - Julle het met mekaar gesels oor een ding waarvoor jy geloofsmoed nodig gehad het. Deel met mekaar jou ervaring oor daardie ding of saak.

3. **God se storie...**

- Lees nou weer die teksgedeelte in Hebreërs 12:18-29 saam deur.
- Noem enige iets uit die gedeelte wat jou geraak het. Of enige vrae wat jy nou het.
- Deel met mekaar iets wat jou uit Sondag se erediens geraak het.
- Gesels bietjie met mekaar oor die volgende:
    - Waaraan word die lesers herinner in verse 18-21?
        - Wat is die doel van die verskynsels wat genoem word?
        - Wat leer dit ons oor God?
    - Hoekom is die Sionsberg betekenisvol?
        - Lees ook Psalm 48:1-3.
        - Hoe verskil dit van Moses se berg soos beskryf vanaf vers 18?
    - Watter waarskuwing vind ons in verse 25-27? Lees *The Message* se weergawe:
      *So don't turn a deaf ear to these gracious words. If those who ignored earthly warnings didn't get away with it, what will happen to us if we turn our backs on heavenly warnings? His voice that time shook the earth to its foundations; this time - he's told us this quite plainly - he'll also rock the heavens: "One last shaking, from top to bottom, stem to stern." The phrase "one last shaking" means*

*a thorough housecleaning, getting rid of all the historical and religious junk so that the unshakable essentials stand clear and uncluttered.*

- Ons ervaring van God se teenwoordigheid is dikwels subjektief... en ons beleef dikwels 'n moedeloosheid en 'n stuk uitbranding in ons geloofswedloop omdat ons dit volmaak met *historical and religious junk*. Maar die "onwankelbare koninkryk" van God is nie afhanklik van ons emosies of gevoelens of omstandighede nie. Hoe sou julle sê verskil die "waardes" van God se koninkryk van die waardes wat dikwels in ons wêreld nagejaag word?
- Op watter maniere wys ons ons dankbaarheid vir die "onwankelbare koninkryk" van God wat dikwels in die "dun plekke" vir ons sigbaar word? (vers 28)?
- Wat word bedoel met die beeld dat 'God 'n verterende vuur is' (vers 29)?
- Luther het gesê: "God is gloeiende bakoond vol liefde." Hoe help dit jou om te dink oor hierdie beeld van 'n verterende vuur?

**4. Hoe die Bybel ons storie verander...**

- Deel met mekaar julle gedagtes oor die volgende vrae:
  - Hoe kan ons vir God met 'eerbied en ontsag' dien?
  - Hoe dink jy nou kan jy aanhou om die Here passievol te dien?
  - Watter rol speel ons gemeente daarin dat jy die Here met volharding dien? Dink en gesels oor die waarde van:
    - Eredienste
    - Rusplek Erediens elke 2de week
    - Oggend- en Aandoordenkings
    - Wyksbyeenkomste
    - Kleingroepbyeenkomste
    - Bybelstudies
    - #Koffiekuiers
  - Ons leef elke oomblik van die dag, van die week, in God se teenwoordigheid. Waarom is ons Sondageredienste dan steeds belangrik?

**5. Sluit die byeenkoms af deur geleentheid vir stil of hardop gebede.**

**Ons lees dié week uit die Woord...**

Lees gerus die volgende teksgedeeltes uit die Woord met die oog op Sondag 31 Augustus se eredienste en oordink dit solank hierdie week onder leiding van die Heilige Gees:

- Maandag 25 Augustus - Hebreërs 12:18-29
- Dinsdag 26 Augustus - Psalm 112:1-10
- Woensdag 27 Augustus - Spreuke 26:6-7
- Donderdag 28 Augustus - Lukas 14:1-14
- Vrydag 29 Augustus - Hebreërs 13:1-8
- Saterdag 30 Augustus - Hebreërs 13:15-16